The Biennial General Meeting in October approved slightly increased membership subscriptions for the NACCW from 1988. Individual membership is increased to R15.00 per annum while the journal subscription remains R5.00 per annum for members. This means that individuals will pay R20.00 for membership and the journal. Corporate membership fees in the metropolitan areas or where NACCW services are freely available are increased to R50.00, while those further from Regional centres remain at R20.00 per annum. Journal subscriptions for non-members have been increased to cover actual costs.

Committees of Enquiry

There are two Committees of Enquiry sitting at present. A ministerial committee on Foster Care has asked the NACCW to give evidence on the subject as it relates to children's homes, and a circular has been sent to all principals asking for

information to assist with this. The National Director also gave verbal evidence before the Committee of Enquiry into Child Mental Health Care Services (Department of National Health and Population Development) on Friday 16 October. He warned that while the NACCW firmly supported preventive, community-based programmes, the ill-considered transfer of state funding from residential services might not only destroy a great deal of accumulated experience and expertise in managing troubled children, but also jeopardise these very services just as they are moving towards preventive work, and ignore the role of children's homes in their increasing work with disturbed children and adolescents.

Street Children

The organisations serving street children in South Africa have decided to maintain their links with the NACCW while they develop their services, and have asked for a regular platform in *The Child Care Worker* to mediate their news on a national basis. A first article on this practice area has already been accepted for publication in this issue.

Bouquet

An unexpected and pleasing compliment for *The Child Care Worker* came in Thom Garfat's paper on Training in North America during the recent National Seminar. With some immodesty, we quote the extract in full: "When it comes to literature we have to mention the newsletters of child care worker associations, because for many of us, for many years, these have been the only written form of education we have received. Such newsletters have two functions: to pull us together, to identify what's going on in the country; and to provide us with some education. And I want to say, while I'm here, that without doubt, in my mind, (and I read them from all over) the best child care newsletter in the world is yours. I use it to share with my workers at work, I share it with colleagues all over North America. The content is superb, how it is presented is superb, and it comes in those short articles which you can hold in one hand while you are stirring the soup with the other."

The literature in the past has not been written for line workers. A line worker doesn't have time to read a twenty-page research article while worrying about putting children to bed or getting children up or feeding them or solving fights. What we find in *The Child Care Worker* is short, succinct, to the point, good commonsense and good theoretical practice issues, and beyond a doubt you have the best child care newsletter in the world."

Natal

Three Workshops in Pietermaritzburg

The combined group for Principals and Social Workers in Pietermaritzburg will meet for the first of three Day Workshops on Programming on November 11th. There has been a lot of enthusiasm for

NACCW programmes to be offered in the city. Enquiries can be directed to John Webster on 0331-23214.

BQCC Students in Durban

On 14th October the Module 2 of the BQCC course was completed and students did their evaluation for this part of the course Tuesday morning, 20th October. For those students joining the course in 1988, as well as for present students who have not had the opportunity, two sessions of Self Awareness are being offered on the 10th and 17th November. Enquiries to Lesley du Toit on 031-44-1071.

Durban Groups

The Social Workers' Group's November meeting will deal with Groupwork in the Institution. Also during November will be the first meeting of the Principals'

Group in the Durban area. Principals will be informed of the venue, date and time by the Regional Director.

Eastern Province

Border Area

Lesley du Toit visited the Border area during the week 20-23 October, spending time at Malcomess House and at St Thomas' School for Deaf Children where she began basic child care lectures for a combined group of teachers and child care workers at the school.

Port Elizabeth Seminar

Under the auspices of Child Welfare Society a seminar on Foster Care was held in Port Elizabeth on Thursday and Friday, 22 and 23 October. Professor De Bruyn, Head of the Department of Social Work at

Unisa, was one of the speakers at the seminar, to which all children's homes were invited to send representatives.

Western Cape

Thom Garfat Speaks

Direct from the Johannesburg Conference, Thom Garfat addressed two meetings in the Western Cape on 20th and 22nd October. The first was a general meeting at which Thom Garfat shared impressions of the recent conference, and the second was a workshop for senior staff at which he discussed a model for child care worker supervision which he had developed.

Die Praktijk

Die Dubbele Invloed van die Kinderhuis en die Familie op die Ontwikkelingsbehoefte van die Kind

Helmien Prins

Helmien Prins is 'n student van die Nasionale Hoër Sertifikaat in Residensiële Kinderversorging aan die Kaapse Technikon en 'n huismoeder by Durbanville Kinderhuis in Kaapstad

Inleiding

"Die normale of gemiddelde huisgesin bestaan gewoonlik uit 'n vader, moeder en 'n paar kinders. In so 'n huisgesin is daar liefde en waardering van die ouers vir mekaar en hul kinders. Hulle het 'n woonplek met genoeg kos, klere en 'n inkomste om hul finansiële verpligtinge na te kom."

Die kind word van kleinsaf beïnvloed deur die mense met wie hy daaglik in kontak kom, die omgewing waarin hy grootword en die norme wat aan hom voorgedra word.

Die normale familie

Ons kyk eers na die invloed van die normale familie op die kind se ontwikkeling. Hierdie kind se ontwikkeling word juis beïnvloed deur die geborgheid wat hy ervaar vanaf sy geboorte deur eers die moeder en vader en later ook deur sy

broers en susters, grootouers en ander familieleden.

Die familie bly die belangrikste deel in die kind se ontwikkelingsnetwerk. Een van die hooftake van 'n ouer is om die kind voor te berei vir die lewe buite die geslote familiekring.

Een van die hooftake van 'n ouer is om die kind voor te berei vir die lewe buite die geslote familiekring.

Die lede van die gesin verteenwoordig die eerste omgewing waarmee hy kennis maak en is vir hom die belangrikste mense gedurende sy vormingsjare. Hulle leer om die lewe te bring in ooreenstemming met die grondslag wat by die huis gelê word. Soos die kind groei en sy omgewing uitgebrei word na maats en volwassenes buitekant die geslote familiekring, mag hierdie grondslag (wat gedurende sy vroegste lewensjare gelê is) verander of gewysig word, alhoewel dit nooit heeltemal uitgeroei word nie. Daardie grondslag sal

egter latere gesindhede en gedragspatrone beïnvloed.

Die invloed wat die familie uitoefen op die kind se ontwikkeling sal tot 'n groot mate afhang van die soort verhouding wat die kind het met die verskeie familieleden. Die verhoudings word weer op hulle beurt beïnvloed deur die lewensstyl wat deur die familie gehandhaaf word sowel as die gesindhede en gedrag van die verskeie familieleden onderling teenoor die kind.

Om die kind die geleentheid te gee om op te groei as 'n goedgebalanseerde persoon het hy goedgebalanseerde ouers nodig wat hom kan lei in sy ontwikkeling.

Elizabeth Hurlock sit die basiese ontwikkelingsbehoefte van die kind as volg uiteen:

- Hy moet die gevoel van sekuriteit om deel te wees van 'n standvastige groep kan ervaar.
- Hy moet mense hê op wie hy kan vertrou om te voorsien in sy behoeftes — fisies en sielkundig.
- Bron van toegeneëndheid en aanvaarding ongeag van wat hy doen.
- Voorbeelde van aanvaarbare gedrag

om te leer om sosiaal te verkeer.

- Leiding in die ontwikkeling van sosiaal aanvaarbare gedrag.
- Mense op wie hy kan steun in die oplossing van probleme wat elke kind in sy lewe in die gesig moet staar.
- Leiding en hulp om sekere vaardighede aan te leer — koördinasie, verbaal en sosiaal — wat nodig is vir sy aanpassing.
- Stimulasie om sukses te behaal met sy vermoëns op skool en in die sosiale lewe.

Die verbrokkelde familie

Ongelukkig word die idealistiese teoretiese uiteensetting van hoe die kind in sy ontwikkelingsstadia gestimuleer behoort te word nie altyd in die praktyk uitgevoer nie. Die familie kan 'n baie negatiewe invloed op die kind hê wanneer hy moet grootword in 'n huis wat verbrekkel as gevolg van 'n egskeiding, 'n ouer wat summier wegliep met 'n derde persoon, drankmisbruik, immorele lewenswyses of mishandeling.

Wanneer 'n ouer skielik alleen staan met 'n paar kinders, kan daar 'n aantal negatiewe faktore na vore tree wat die kind in sy ontwikkeling strem. Omdat die ouer dan sy of haar eie emosionele probleme het, is hul nie in staat (of stel hulle nie belang) om die kind in sy emosionele krisisse by te staan nie. Hulle is dikwels bewus van hierdie onvermoë en probeer dan vergoed deur oorbeskermend te wees of uitermate toegeeflik. Soms word die kind wat die minste moeite verskaf dan ook voorgetrek. Hulle word ook dikwels teen die ander kinders afgespeel. Dit lei dan weer daartoe dat die ander kinders *verworpe* voel en eiesoortige probleme ontwikkel wat daarmee gepaard gaan.

Omdat die ouers se ideale in skerwe lê bou hul dikwels ideale vir hul kinders en begeer dan dat die kinders dit sal bereik wat hulle nie kon nie, ongeag of dit binne die kind se belangstellingsveld val al dan nie. Wanneer die kind dit nie kan bereik nie, lei dit tot kritiek oor sy onvermoë om te presteer. Die kind daarenteen ontwikkel die gevoel van onvermoë, hy neig tot liggeraaktheid, word onverantwoordelik en presteer ver onderkant sy vermoë. Kortom, hy ontwikkel 'n uiters swak selfbeeld. Die kinders verloor dan hul gevoel van sekuriteit en ontdek dat hulle nie aanvaar word vir wat hulle is nie.

Wanneer drankmisbruik, immorele lewenswyses en mishandeling die norm in die huis word, verander die prentjie aansienlik. Dikwels is albei die ouers skuldig aan hierdie misdrywe en die kind word gebruik om houe aan mekaar toe te dien. Verwerping, verwaarloosende en ondervoeding is alledaags. Daar is geen verdienste nie as gevolg van faktore wat lei tot werkloosheid.

In sulke families is daar ook gewoonlik gesondheidsprobleme as gevolg van swak higiëniese omstandighede. Hor-

ton noem dat gedeelde lewensgewoontes en oorerflikheid 'n faktor kan wees. Alhoewel daar nog min kennis bestaan oor die oorerflikheidsfaktor, is dit welbekend dat siektes kan ontstaan in onbevredigende familie omstandighede. Dis dan wanneer versorging in 'n kinderhuis ter sprake kom.

Die kind in die kinderhuis

Die kind word skielik geruk uit sy bekende omgewing en geplaas in 'n omgewing wat wemel van onbekende gesigte. Vir hom is dit 'n skrikwekkende trauma. Daar is nou daaglikse baie meer mense rondom hom as net sy ouers, broers en susters. Hy kom by 'n tannie wat as "substituut-moeder" moet op-

Die kinders in die kinderhuis sit soms met die dilemma dat hulle nie weet waar hul loyaliteit moet lê nie.

tree en haar metodes verskil radikaal van sy eie moeder s'n. Dikwels is daar ook nie 'n vader-figuur met wie hy kan identifiseer nie. Hy sit nou tussen twee pole:

Aan die een kant is sy ouerhuis. Tot dusver is hy grootliks beïnvloed deur sy ouers se opvatting van die lewe. Hulle huislike norme is vir hom aanvaarbaar, omdat dit al norm is wat hy ken. Hy ken geen vaste beginsels nie. Die ouers is dikwels kerklos. Oordelose en wettelose gedrag word deur die ouers beoefen, daarom word baie van sy streke deur die vingers gesien, solank hy hulle nie in die moeilikheid bring nie.

Aan die ander kant is die kinderhuis, waar die situasie net die teenoorgeselde is. Hy word voorsien van die nodige materiële behoeftes, naamlik genoeg kos, klere en slaapplek. Die personeel probeer om die kinders emosioneel goed te versorg en daar is die nodige liefde en verdraagsaamheid. Daar is vaste reëls en lewensbeginsels en die kind leer wat toelaatbaar en onaanvaarbaar is. Hy gaan gereeld kerk toe, woon Kategeseklasse by en leer morele waardes aan.

Die kinders in die kinderhuis sit soms met die dilemma dat hulle nie weet waar hul loyaliteit moet lê nie. Alhoewel die kinderhuis voorsien in baie behoeftes waartoe die ouers nie in staat is nie, bly dit vir hulle 'n tydelike huisvesting en praat hulle gereeld van die dag dat hul kan teruggaan huis toe. Sommige kinders sal lojaal wees teenoor die kinderhuis solank dit vir hul voordeel inhou. By die huis is hulle weer net so lojaal teenoor die ouers wat hulle verwerp het.

Ook word die kind gereeld onderwerp aan twee stelde standaarde en morele waardes. Wat hy by die kinderhuis leer

as aanvaarbaar, kan hy nie altyd by die huis met vakansies gaan toepas nie omdat die ouers die dinamiese figure is en hy moet inval by hulle standaarde en morele waardes. Dit skep verwarring in die kind se gemoed en strem outomaties sy ontwikkeling. Dit veroorsaak dan ook dat hy probleemgedrag ontwikkel. Indien die huismoeder dan nie iets van sy huislike omstandighede weet nie, sal sy hom ook nie in sy emosionele krisisse kan bystaan nie, omdat sy nie insig sal ontwikkel in hierdie probleemgedrag nie. Indien die kind reeds in die huismoeder 'n vertroueling gevind het, kan dit sake vergemaklik. As hy egter nog nie sover gekom het nie, kan dit sy aanpassing ernstig bemoeilik.

Opsomming

Volgens Pringle kan die familie wat in staat is om die ouerlike rol suksesvol uit te voer die kind 'n gevoel gee van sekuriteit, kameraadskap en om te behoort en verleen ook 'n besef van doel en rigting, prestasie en persoonlike waarde. Vir die kind is dit van uiterste belang.

Al hierdie dinge is vir die kind in die kinderhuis egter verlore omdat hy juis vanuit sy ouerhuis verwyder word as gevolg van hul onvermoë om te voorsien in die verskeidenheid behoeftes wat die kind nodig het vir sy ontwikkeling. Die invloed van die ouerhuis bots met dié van die kinderhuis. Dan moet die invloed van die maats ook mee rekening gehou word. Kinders het dikwels ook 'n onrealistiese beeld van wat presies by hul huise aan die gang is, en die redes waarom hulle in die kinderhuis is. Al ken hulle diep in hul harte die feite, erken hulle dit nie maklik teenoor 'n "buitestaander" nie, en probeer hulle steeds die beeld van die ouer hoog hou, al is dit dan net om hulself te probeer oortuig! Ek wil graag bogenoemde illustreer met 'n greep uit 'n gesprek wat ek met 'n hoërskoolseun gehad het: "My ma is seker die beste, hardwerkendste mens wat ek ken. Ons het nooit gebrek gely nie. Daar was altyd genoeg kos." 'n Week later in 'n meer intieme gesprek: "Het ek al vir tannie vertel hoe my ma my afgeskeep het...?"

Die onus rus nou op die kinderhuis om hierdie geestelik-stukkende mensies weer heel te maak. Sal die kinderhuis dit regkry om hierdie ontwrigte kinders weer die doel en sin in die lewe en alles wat daarmee gepaard gaan, terug te gee in die kort tydjie tot hulle beskikking?

Daarom kan 'n kinderhuis nie suksesvol funksioneer sonder 'n span vakkundiges om die kinderversorgers by te staan en 'n bepaalde opvoedingsprogram vir elke kind nie. Ek persoonlik glo ook dat geen kinderversorger, hoe goed teegerus ookal, hierdie groot taak sal kan aanpak as hy of sy nie hul afhanklikheid van ons Almagtige Vader besef en in die geloof hierdie werk doen nie, want ons werk met die toekoms van ons land.

Child Care Work versus Television

Jeanny Karth

Jeanny Karth is on the child care staff of St Michael's Home in Cape Town

An ancient Chinese proverb states: "If I see, I forget, if I hear, I remember, if I do, I learn." The last line reflects the essence of learning for us all. A child has a hungry mind filled with curiosity about the world he lives in and he will use everything to feed this hunger. TV and its satellite, the video, are increasingly being used by children to feed this hunger and also by over-worked child care workers to obtain an easy control and a measure of peace. The children do not have the appropriate skills to foresee possible danger or to make effective choices, while the adults hand the awesome responsibility of child care over to the TV.

Children living in a children's home are already living in an unnatural setting; they have been deprived of their parents, their home and sometimes of siblings. Their needs are consequently far more complex than those of the normal child in a normal environment. Donaldson (1979, 27) says, "There is a fundamental human urge to make sense of the world and bring it under deliberate control". These children are exposed to a world out of control when they are removed from their homes. They need adults around them who will help them regain a sense of control and competence.

The most efficient and natural way a child can do this is through games and play. "Adults think through a problem in their heads; children can't do this and so they solve their problems via imaginative play and games" (Loving, 1979, 9). Games give children the power they need and don't have in an adult world; also a feeling of competence and hence courage needed to tackle other problems previously avoided. More so than other children, children in care desperately need these tools. Steiner says, "The ability to make pictures in the mind is one of the most valuable and practical gifts which childhood can make to the life of the adult. It helps one to predict" (Edmunds, 1955, 63). How much human misery would be prevented if there were more adults around with this ability! However, recent literature indicates an alarming decline in play

amongst children today. Instead we have the advent of TV and the video machine, the radio and the tape deck. On an average the young American child watches six hours of TV a day!

Carl Rogers says: "A living thing is essentially a creative system. A system which exchanges energy with the environment is self-enhancing and creative". Children are living organisms who learn actively. In the play situation the child is the active doer rather than the passive receiver. TV and the radio encourage passivity. "TV undermines activity and tends to create children who demand that things be easy and handed to them with little effort on their part" (Loving, 1979, 15). Witness the lack of initiative or creativity in a children's home.

The quality of the child's speech environment is probably "the single most crucial factor which promotes intellectual growth" (Pringle, 1975, 90). We communicate through language, which is an abstraction about experience; pictures are concrete representations of experience. Pictures show things, they call upon our emotions, not our reason. "TV has the potential to put our minds to sleep" (Postman and Weingarten, 1983, 71) — it requires no skills, and develops no skills. "Limited language skills is as real a problem as under-nourishment" (Pringle, 1975, 91). In my own experience very little reading is done in the children's home other than of comics and fashion magazines; there is little evidence of newspapers, news magazines and books. Few watch the news or educational programmes. The over-worked child care worker is only too grateful for the easy control that TV exercises over the children. Peace reigns when the TV light shines. Whenever the opportunity arises a video is hired regardless of its age-appropriateness. The age restriction imposed by the censor board doesn't operate at all in video outlets, and we find young children being exposed to aspects of life way beyond their comprehension, and often having to go to bed frightened and confused. Apart from the emotional turmoil caused, what kind of language are the children exposed to? How rich and varied is the language of the average soap opera, thriller or horror movie? Are these hungry minds being enriched or impoverished?

Postman and Weingarten postulate that for childhood to exist we need secrets and a sense of shame; secrets that adults shelter children from. They hold the view that in TV "the dividing line between adulthood and childhood is being eroded". Before TV, adults were in control of information which was gradually and sequentially released to children. Today there are no more secrets since a 60-year-old and a 6-year-old are equally qualified to experience TV, which on the whole depicts "the backstage of adult life" (Postman and Weingarten, 1983, 101). How much does this exposure undermine a child's belief in a hopeful future and ordered world? Do we not need a firm belief in a future to remain sane? The accent today seems more and more to be on violence, hate, greed, sex, horror. Where does an eight or nine-year-old find a sense of security in all that flashes before his bewildered eyes? Further there is no private space in a children's home, no place for the child to retreat to, no silence which is also important for the emergence of persons. Either the radios and tape decks blare all over the home sending out a cacophony of sound, or else the TV plays loudly to an empty room or a captivated audience.

Are these hungry minds being enriched or impoverished?

It was Samuel Morse who sent the first electric message and it read: "What hath God wrought?" Can we really blame God for the creation of this monster which seems to have spiralled out of the individual's control? Now man's "private identity is merged with the corporate whole — mass man" is the result (Postman and Weingarten, 1983, 27). There is no longer a person in control of the information — it is controlled somewhere by someone. As adults we can still exercise individual control over whether and what we watch, and organise our free time. But can a child do this? Without interested, concerned and responsible adults to teach them and participate with them, the children of today are forgetting how to play and in the process are losing the most valuable tool for growth we have been given.

Bibliography

- Donaldson, M. *Children's Minds* Fontana, Glasgow, 1979.
Edmunds, F. *Rudolf Steiner Education* Rudolph Steiner Press, London, 1955.
Loving, S. *Learning Disabled Child and Games* Nelson Hall, Chicago, 1979.
Postman, N. and Weingarten, C. *Disappearance of Childhood* W.H. Allen, London, 1983.
Pringle, M.K. *The Needs of Children* Hutchinson, London, 1975.

Werkstevredenheid van Kinderversorgers: 'n Oorsig

Jerry McClelland

Jerry McClelland is werksaam by die Universiteit van Minnesota, VSA

Kindersorg joernale en tydskrifte bied artikels oor werksomstandighede, werksvoordele, en probleme wat deur kinderversorgers ondervind word. Die repetisie van hierdie temas beteken dat hulle belangrik is vir kinderversorgers. Nietemin, word min navorsing oor kinderversorgers se werkstevredenheid gemeld. Meer kennis oor die kwaliteit van hulle werkslewe sal van hulp wees in die ontwerp van kindersorgomgewings en die stigting van kinderversorging as beroep.

Die Teorie op Werksaanpassing (Dawis, Lofquist, en Weiss, 1968) verskaf die raamwerk waardeur kinderversorgers se werkstevredenheid in hierdie artikel ondersoek word. Hierdie teorie word gebaseer op die begrip van die verband tussen die werker en sy werksomgewing. Die werker verwag iets van sy werksomgewing, bv. salaris en prestige, en die werksomgewing verwag iets van die werker, bv. werksbekwaamhede. Die Teorie op Werksaanpassing stel voor dat hoe meer die werksomgewing in die werker se behoeftes voorsien, hoe meer tevrede is die werker. Net so, hoe meer die werker aan die vereistes van die werk voldoen, hoe meer word hy as bevredigend beskou. Daar word ook beweer dat werkstevredenheid gekoppel is aan langer dienslewering. (Aan die ander kant word lengte van diens deur genoegsame dienslewering van die werker bepaal). Werkstevredenheid "bestaan uit die individu se waardering van die mate van tevredeheid wat hy in sy werksomgewing geniet". (bl. 5)

Lengte van diens is belangrik in kindersorg omdat die aanbly van personeel die kontinuïteit van versorging affekteer, en daarom ook die kwaliteit van kindersorg (Clarke-Stewart, 1977). As die diensperiode van bekwame kinderversorgers verleng sou word, kan hulpmiddele aan hulle verdere professionele ontwikkeling gewy word (wat tot beter kindersorg strek), eerder as om die middele

herhaaldelik te gebruik om nuwe personeel op te lei.

Navorsing op hierdie gebied het tot dusver hoofsaaklik aandag gevestig op die mate van tevredeheid en die geskiktheid tussen werker en taak. Faktore wat met werkstevredenheid gepaard gaan sluit die volgende in: beroepstatus, mag, (Seashore en Tabor, 1976), uitdaging en verskeidenheid van take, selfbestuur en beheer, besoldiging en ander finansiële voordele, 'n gevoel van bevoegdheid, en verhoudings tussen kollegas (Mortimer, 1979). Verhoudings blyk meer belangrik vir vroue as vir mans te wees (Mortimer, 1979). Faktore binne die werk self, bv. 'n sin van bevoegdheid word met werkstevredenheid geassosieer, terwyl uiterlike faktore soos ontoereikende salarisse met werksontevredenheid gepaard gaan. Sover dit werkstevredenheid betref dui navorsing daarop dat ondervinding in die werksomgewing van meer belang is as die individu en sy sosiale eienskappe. Die opvallendheid van hierdie ondervinding beteken dat werkstevredenheid versterk kan word wanneer werkgewers werksomstandighede verbeter en vergoeding en sekuriteit verhoog (Mortimer, 1979).

Met hierdie oorsig ondersoek ons bestaande navorsing in werkstevredenheid onder kinderversorgers, en lig ons verdere navorsingsbehoefte uit. Die klem val op kinderversorging met babas, kleuters en primêre skool kinders.

OORSIG VAN STUDIES

Die bevindings van navorsingstudies word onder die volgende opskrifte verdeel: besoldiging en voordele, werksomstandighede, werksverhoudings, persepsies van beheer, promosie, en interaksie met kinders. Bewyse wat tevredeheid weergee word in elke tema ondersoek.

Besoldiging en voordele

In 'n studie oor die kindersorgloopbaan is bevind dat ongeveer 35 persent mans en 15 persent vroue die beroep gedurende die tydperk van twee jaar verlaat het (Robinson, 1979). Swak salarisse was in die geval van 'mans die hoof rede vir bedanking, en in die geval van vroue

verskyn hierdie rede in die tweede plek op hulle lys. Op die vraag wat sou hulle laat aanbly het, het 39 persent meer geld gemeld. Vir diegene wat in kindersorg aangebly het, was swak salarisse die grootste struikelblok vir vroue, waar dit in die mans se geval tweede plek ingeneem het.

In 'n studie oor plattelandse dagsorgwerkers is antwoorde op die vraag "Waarom is jy 'n kinderversorger?" in drie kategorieë verdeel: "Ek hou van die kinders en die geselskap", "Ek hou van die kinders en die geldelike vergoeding" en "Ek hou van die inkomste" (Adams en Macht, 1976). Byna 50 persent van diegene wat aangedui het dat hulle die kinders en geselskap geniet het, was reeds vyf jaar in die beroep; diegene wat inkomste gemeld het was almal vir vyf jaar of minder by kinderversorging betrokke.

Personeel het lae salarisse as hoof rede vir personeelomset aangevoer.

Uitbranding van kinderversorgers kan as 'n besondere tipe ontevredenheid bestempel word. 'n Studie oor 32 instansies wat ewekansig gekies was, het prinsipale, hoofonderwysers, onderwysers en helpers ingesluit (Whitebook, Howes, Darrah en Friedman, 1981). Hierdie werkers het lae salarisse as die mees onbevredigende aspek van hulle werk uitgesonder. Personeel het lae salarisse as hoof rede vir personeelomset aangevoer. Diensvoordele word aan besoldiging gekoppel. 58 persent van bogenoemde kinderversorgers het geen mediese fonds geniet nie, en 16 persent het geen siekverlof met betaling gekry nie. Personeelomset is hoër in instansies met die minste voordele, en prinsipale was ontevrede omdat hulle nie meer byvoordele as ander personeelvlakke ontvang het nie.

Hierdie bevindings toon dat 'n hoër persentasie kinderversorgers hulle salarisse as beide swak en onbevredigend beskou. Prinsipale het die gebrek aan spesiale byvoordele vir hulle personeelvlak betreur. Nietemin kan geen gevolgtrekkings oor die salarisse van plattelandse werkers gemaak word nie. (In die studies van *tevredeheid* en *ontevredenheid* (Robinson, 1979; en Whitebook et al., 1981) was geen definieëring of mate van hierdie twee aspekte voorsien nie).

Werksomstandighede

Robinson (1979) bevind dat werksomstandighede deur 22 persent mans en 16 persent vroue wat in kindersorg aanbly as bevredigend aangedui is. Terselfdetyd het 11 persent vroue en 15 persent mans wat die beroep laat vaar het aangedui dat ontevredenheid met werksomstandighede die hoof rede

daarvoor was. Geen definisie van werksomstandighede was aangevoer nie.

Die ratio tussen werkers en kinders is 'n uitdruklike aspek van werksomstandighede waarvoor verslag gedoen is. Die kind-werker ratio het 'n sinvolle impak op die personele se gevoelens aangaande hulle werk (Maslach en Pines, 1977; en Whitebook, et al., 1981). Kinderversorgers in hoë-ratio instansies (meer kinders per werker) het minder van hul werk gehou en hul instansies meer negatief geëvalueer (Maslach en Pines, 1977). In 'n studie (Whitebook, et al., 1981) van beide privaat inrigtings en instansies sonder winsmotief, was die hoogste personeelomset in privaat sentrums wat die hoogste kind-personeel ratio gehad het.

Die aantal werksure, vryetyd en onbetaalde oortyd gaan gepaard met werksontevredenheid (Maslach en Pines, 1977). Onderwysers wat half-dag gewerk het, het minder spanning aan die einde van die dag gemeld as voltydse onderwysers. Onderwysers was teensinnig om na werksure en sonder betaling aktiwiteite vir kinders voor te berei. Maslach en Pines (1977) het beweer dat langer werksure in direkte en aanhoudende kontak met kinders negatiewe gesindhede by personeel uitgelok het. Hoe langer die werksdag, hoe minder verdraagsaam, tevrede, skerp en hoe meer buierig was hulle. Kinderversorgers wat onafgebroke interaksie met kinders berig het, was meer geneig om ongeduldig, geïrriteerd, gespanne, omgekramp en terughoudend te wees.

'n Hoë kind-personeel ratio, lang ure en onbetaalde oortyd is werksomstandighede wat werksontevredenheid meebring.

Verhoudings by die werk

Werksverhoudings wat interaksie tussen personeel en tussen ouers en personeel insluit kan beide aan werkstevredenheid en ontevredenheid gekoppel word. Al sewe manlike kinderversorgers wat in hulle oorspronklike poste aangebly het, (Robinson, 1979) het die feit dat hulle die enigste man in die organisasie was as die mees ontstellende aspek van kinderversorging aangevoer. 10 persent van die vroue wat aangebly het, het aangedui dat verhoudings met kantoorpersoneel onbevredigend was. Aan die ander kant het sommige kinderversorgers gemeld dat verhoudings met ander personeel 'n bron van tevredenheid was (Whitebook et al., 1981). Maslach en Pines (1977) beweer dat die geleentheid vir informele geselskap, wederkerige steun en probleembespreking het tot gevolg dat die werk personeel geval. Beter werksverhoudings tussen personeel gaan gepaard met hoër evaluering van die werk asook met 'n sin van prestasie. Maslach en Pines

(1977) het ook beweer dat positiewe verhoudings met ouers tot dié gevolg bygedra het.

Persepsie van beheer

Kinderversorgers wat gevoel het dat hulle bygedra het tot besluitneming was minder geneig om ontevrede te voel (Whitebook et al., 1981).

Bevordering

Daar bestaan 'n verband tussen 'n gebrek aan promosie en werksontevredenheid. Die feit dat daar min geleentheid vir bevordering bestaan is deur sommige mans en vroue as die rede vir bedanking gemeld (Robinson, 1979) en ander het daarvoor gekla (Whitebook et al., 1981).

Interaksie met kinders

Interaksie met kinders is 'n aspek wat werkstevredenheid by kinderversorgers uitlok. Plattelandse dagsorg personeel (Adams en Macht, 1979), en

'n Hoë kind-personeel ratio, lang ure en onbetaalde oortyd is werksomstandighede wat werksontevredenheid meebring.

mans en vroue wat by kinderinrigtings werksaam is, (Robinson, 1979; Whitebook et al., 1981) toon dat om van kinders te hou is 'n rede om met kinders te werk. Hulle wat die beroep verlaat het, het ook gemeld dat om met kinders te werk genotvol is (Robinson, 1979). Nietemin, verminder hierdie genoë wanneer die interaksie te lank en onafgebroke is, of wanneer die kindergroep te groot is (Maslach en Pines, 1977).

HUIDIGE BEROEPSTATUS

Uit die geringe navorsing, kom 'n paar faktore dus voor wat aan werkstevredenheid gekoppel is. Swak salarisse, gebrek aan voordele vir senior personeel, hoë kind-werker ratios, lang onafgebroke kontak met kinders en min geleentheid vir bevordering word as onbevredigend beskou. Selfbestuur, deelname aan besluitneming en interaksie met kinders blyk bevredigend te wees. Verhoudings tussen medewerkers kan of positief of negatief ervaar word. Hierdie gevolgtrekkings word op geringe navorsingstukke gebaseer en kan dus slegs voorlopig aanvaar word. Ons begrip van werkstevredenheid sou vergemaklik word deur nouer definiering van terme, duideliker mate, beter validiteit en betroubaarheid wat vraelyste, ens. betref, en meer akkurate data-analise. Sommige van hierdie studies blyk 'n enkele vraag te gebruik, bv. "Hoe bevredigend is jou werk oor die algemeen?" Sulke benaderings word al hoe meer

gekritiseer (Mortimer, 1979) omdat hulle so onoordeelkundig is. Behalwe Maslach en Pines (1977) se studie, was daar min lig gewerp op die teoretiese perspektief van die ondersoek. Sulke navorsingsontwerpe is miskien onvoldoende om die kompleksiteit van werkstevredenheid onder kinderversorgers te verduidelik. Hierdie artikel het slegs 'n oorsig van die literatuur ingesluit, maar geen poging is aangewend om bevindings saam te stel nie, aangesien dit voorbarige gevolgtrekkings as feite sou voorgee.

Nie-tegniese verslae oor werkstevredenheid in joernale vir kindersorgpraktisyne was aanvaarbaar omdat hulle resultate spoedig beskikbaar en eenvoudig verstaanbaar was. Nogtans bestaan daar nie 'n akkurate begrip van kinderversorgers se werkstevredenheid nie.

TOEKOMSTIGE STUDIES

Uit hierdie oorsig vloei 'n paar voorstelle vir verdere navorsing:

Stel 'n duidelike raamwerk vir navorsing
Toekomstige studies moet 'n uitdruklike rede en raamwerk vir die navorsing stel. Sodanig sou die resultate nuttiger in die ontwikkeling van 'n begrip van kinderversorging wees. Dit kan ook voorstelle bied vir verandering van werksomgewing, indien nodig. Die Teorie op Werksaanpassing kan bv. as raamwerk gebruik word om werkstevredenheid en die genoegsaamheid van kinderversorgers te bepaal. Bevindings mag miskien deur prinsipale gebruik word om werksomstandighede te verbeter.

Maak gebruik van 'n breër verskeidenheid navorsingsbenaderings

Ander benaderings behels *verskillende maniere* waarop kinderversorging dinamika bestudeer kan word, en nuwe vrae gestel kan word, bv. "Wat beteken vergoeding en werkstevredenheid vir kinderversorgers?" in plaas van "Tot watter mate is vergoeding verbonde aan werkstevredenheid onder kinderversorgers?"

Stel duideliker definisies en metodes waarmee veranderlikes gemeet word

So 'n duidelikheid versterk die vertolking van bevindings. Verslae oor die statistiese validiteit en betroubaarheid van vraelyste, ens. moet gelewer word om evaluering van die navorsing te vergemaklik. Om werkstevredenheid deur 'n enkele item of vraag te bepaal is oor die algemeen onvoldoende. Standaardiseerde toetse wat deur bedryfsielkundiges gebruik word, word op groot skaal toegepas, maar hulle ondervind ook probleme met validiteit.

Bestudeer kinderversorgers in dagsorg-sentrums

Die meeste navorsing is beperk tot die

klein aantal kinders wat residensiële sorg ontvang. Kinderoppasters is moeilik om op te spoor, veral diegene wat nie geregistreer is nie.

Kies sinvolle veranderlikes vir navorsing
Die veranderlikes wat in hierdie oorsig uitgelig word moet van nader beskou word. Aan die een kant, kan daar faktore bestaan wat tot dusver nie gekoppel is aan werkstevredenheid nie; aan die ander kant, kan dié wat wel reeds bestudeer is meer ingewikkeld wees as wat dit op die oogaf lyk. 'n Eenvoudige aspek soos bv. besoldiging, kan die invloed van ander veranderlikes verduister.

Identifiseer ander belangrike faktore wat werkstevredenheid kan beïnvloed
Die verhouding tussen werkstevredenheid en faktore soos bv. die kwaliteit van versorging, moet bestudeer word. Die verhouding tussen werkstevredenheid en produktiwiteit is onbeslis. Wat besigheid en nywerheid betref, word produktiwiteit kwantitatief gemeet; wat kinderversorging betref, word dit in terme van kwaliteit gemeet, hoewel privaat instansies ook die aantal inskrywings mag dophou. As werkstevredenheid wel die kwaliteit van kindersorg beïnvloed, dan hou dit beslis 'n moontlikheid vir beter kinderversorging in.

Bibliografie

- Adams, D. and Macht, M. (1976). Rural family day care. *Child Care Quarterly*, 5, 292-306.
- Clarke-Stewart, A. (1977). *Child Care in the Family*, New York, Academic Press.
- Dawis, R.V., Lofquist, L.E. and Weiss, D.J. (1968). *A Theory of Work Adjustment*. (Minnesota Studies in Vocational Rehabilitation: xxi, Bulletin 47). Minneapolis, Industrial Relations Center, University of Minnesota.
- Locke, E.A. (1976). The nature of causes of job satisfaction. In M.D. Dunnette (ed.), *Handbook of Industrial and Organizational Psychology*, 1297-1349. Chicago, Rand McNally.
- Maslach, C. and Pines, A. (1977). *The burnout syndrome in the day care setting*. *Child Care Quarterly*, 6, 100-114.
- Mortimer, J. (1979). *Changing attitudes toward work: Vol. 2 In Work in America Institute Series in Productivity*, Scarsdale, Work in America Institute.
- Robinson, B.E. (1979). A two-year follow-up study of male and female caregivers. *Child Care Quarterly*, 8, 277-294.
- Seashore, S.E. and Taber, T.D. (1976). Job satisfaction indicators and their correlates. *American Behavioral Scientist*, 18, 333-368.
- Whitebook, M., Howes, C., Darrah, R. and Friedman, J. (1981, Jan-Feb). Who's minding the child care workers? A look at staff burn-out. *Children Today*, 2-6.

Vertaal met verlof van *Child Care Quarterly*

Volunteers — Should We Use Them?

Mary Thomson

Mary Thomson is Director of the Voluntary Aid Bureau in Cape Town

Volunteers — should we use them?

Volunteers have formed the cornerstone of the development of child care services in South Africa. Concerned people have over the years initiated and developed children's homes serving as committee members, fundraisers and playing a vital role in the provision of services.

The particular area of voluntary work which has been developing in recent years and which I want to focus on in this paper, in which a volunteer assists paid staff by providing a direct service to children, e.g. driving, friendly visits or in support tasks, e.g. typing, selling, etc.

Who is a volunteer?

A volunteer is a person doing a job of work that needs to be done without pay and of his own free will.

It still seems to be a commonly held view that the typical volunteer is a middle-aged, middle-class married woman. Although a large number of volunteers fall within this group, many young people and many men are engaged in voluntary work. Volunteers should therefore not be seen as a homogeneous group, but as individuals who can contribute a rich and diverse range of talents.

Motivation

Volunteers are not getting a salary — why then do they continue working? Perhaps we need to look at what they expect to get from their work. Geraldine Aves found that volunteers gave as their motives for doing voluntary work:

- Altruism, wanting to do something for others (this was given the lowest rating)
- Self-interest, seeking personal benefit such as new experiences, interests, knowledge and occupation (is this so unusual? Paid staff look for this in a job).
- Sociability, wanting to meet people and make friends, e.g. people new in town, older folk living on their own and young people who like to work in groups.

Interestingly, what came to light in this

study by Aves, was the attraction of belonging to an organised, recognised organisation. What must be stressed above all is that the volunteer is hoping to find enjoyment and satisfaction in his or her work.

The value of the volunteer to an agency

There are many welfare organisations successfully using volunteers. However, reservations are held by many paid staff stemming from their experiences with volunteers. The most common criticisms are that they are unreliable, demanding, lack initiative and take up a great deal of the time of the paid staff. Those who have embarked on a definite planned programme for volunteers however, found that some of the above difficulties disappear and the benefits which volunteers have brought to the organisations far outweigh any prob-

Most volunteers were recruited through personal contact with somebody already involved.

lems. The secret is a *planned programme*.

If you are expecting volunteers to save you time or make less work for you and your staff, you are going to be disappointed. The value of the volunteer does not lie in primarily relieving your paid staff of their load of work, but of *expanding* your services to your children, services which your staff are unable to undertake.

Along with expansion and extension of service comes costs to the agency; costs in terms of time and finance. A great deal of time is required for planning, programming, recruiting and supervising the volunteers.

Planning the programme

Having decided on the employment of volunteers, here are the elements to consider:

Volunteer co-ordinator

For a volunteer programme to succeed it is essential that one person in your home is given the task of co-ordinating

the volunteers. A co-ordinator could be:

- a paid staff member who undertakes this task as part of his or her duties;
- a paid co-ordinator working either part-time or full-time;
- a volunteer capable and willing to undertake the task.

The tasks would be to recruit, select, train, find jobs for, and arrange supervision for the volunteers.

Job description

A useful tool is a well-designed job description. It should list specific tasks and responsibilities expected of the volunteer.

Many organisations have found that filling in a job description has made them consider aspects they had not thought about before. Remember a volunteer is a person doing a *job* that needs to be done.

Recruitment

Once you have worked out a job description you will have a clear idea of the type of person you would like for the job, what abilities and skills they should have, when and where they should work, and also how many volunteers you can use and supervise.

Your recruiting should be geared to the target group you want to attract. If you need two men to drive in the evenings, it may not be effective to advertise in a shopping centre on a Wednesday morning. Be inventive, but do not forget the traditional methods of recruitment, e.g. stories in the local press, appeals to church groups and pamphlets. Aves found that most volunteers were recruited through personal contact with somebody already involved.

Make sure your volunteers are satisfied and happy and you can be sure they will attract others.

Selection of volunteers

If it is your policy to accept every offer of help whether you need the person or not, dissatisfaction will occur on both sides.

Screening should take place. This means you can determine whether a prospective volunteer fits a job and the prospective volunteer can decide whether he or she can meet the demands of the job.

Most co-ordinators have an initial interview with the prospective volunteer. This should be conducted with some formality, e.g. make an appointment, have a definite place for the interview, possibly have some forms to fill in. If you treat this person as someone seriously seeking a job, he/she will also treat their commitment as such. A word of warning — accept that some people may be threatened by an interview, especially if they have not been in paid employ for a while, so be relaxed, offer them a cup of tea, etc.

Some agencies only select after an orientation or training course. The number of volunteers being used by a home, staff time and whether volunteer error could lead to serious consequences for the clients will affect how selective the home needs to be.

As you discuss various job possibilities you may alter the job description to suit the particular person. Many uncertainties as to whether they will come on a Thursday or Friday, whether they will work in school holidays or not, and whether they may bring sweets for the children can be clarified while working out the job description with them. Remember "the volunteer must suit the job but the job must also suit the volunteer".

Orientation

The commitment and quality of service can only be enhanced by a knowledge of the field of operation of the organisation where they will be working.

Volunteers need to be involved, not only in the tasks they perform, but need to feel they belong.

Some organisations have an orientation course for all new volunteers before they start work. Others deal with certain aspects when they first start work and then have a course, when there are sufficient volunteers to make a course practical. A typical orientation will include:

- an overview of the home: aims, structure, funding;
- introduction to the services offered: visits to similar institutions, slide shows and talks by various staff members;
- exposure to the children and the type of problems your agency deals with;
- an introduction to staff members with whom the volunteer may be working, but also to staff with whom they may not be in direct touch.

Training

Orientation helps the volunteer to feel comfortable in the home and with the children. Training enables the volunteer to feel competent to perform the job he is asked to do.

Whether training is necessary or not will depend on the skills that will be needed for the particular tasks and whether the particular volunteer has those skills, i.e. a qualified typist will not need training to be a voluntary typist, but she may need training to be a play-group organiser for preschool children.

Training could be in groups of those performing similar tasks or be individual by staff members or experienced volunteers.

Ongoing training and meetings and supervision

Initially the basic skills can be taught and some orientation to the home can be done, but most volunteers will want to know more as they get involved in the actual work. There are those people who are willing to perform repetitive tasks year in and year out. If, on the other hand, we are asking for volunteers who will use their initiative, take responsibility and be more than a pair of hands, they will start asking questions about their roles and tasks. Here are a few ways to assist these volunteers:

- Regular meetings, i.e. once in three months where volunteers doing similar tasks can voice their opinions, learn new skills, etc.
- Regular meetings where all volunteers in a home get ongoing orientation, training and news about the organisation.
- Supervision by a staff member, not necessarily the co-ordinator, on a regular basis can be valuable. This gives the volunteer a chance to talk about concerns about the work and get reassurance that the job is being well done. It is usual for volunteers to telephone or pop in for a chat fairly often when they first start a job, but once they feel competent, a monthly session may be sufficient. Is this so different from paid workers?

Conclusion

Volunteers, as much as paid staff, and perhaps more so, need to feel an integral part of the home. They need to be involved, not only in the tasks they perform, but need to feel they belong. They need to know of new developments, to be invited to staff luncheons, annual general meetings, seminars, etc. Above all they need the recognition that they are an important part of the total service, e.g. recognition in the Annual Report, at the Annual General Meeting, to name but two.

By means of the outlines given in this paper, it is believed that many of the reservations and difficulties frequently expressed in using volunteers may fall away, and a more dedicated volunteer and satisfied agency may emerge.

In a country such as ours, where the welfare services are largely the responsibility of the members of the community and not the state, and where our philosophy is based on the community itself being involved with those amongst us who need special services and facilities, the opening of doors to service and involvement of volunteers must receive our serious consideration. The needs within our homes are as varied as the talents of our volunteers — we need but the knowledge and machinery to link them together to the mutual benefit of all.